YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Maart 2016

AfriForum Tydskrif



# Ons bou 'n toekoms

**AfriForum**
help kampusgeweld ontlont

***Tainted Heroes*-film**
wys ANC-geweld uit

**Veldtogte**
Droogtehulp vir boere

**#RedAfrikaans**

**AfriForum**
SAPD moet plaasmoordsyfers gee

ISSN 2313-1144
9 772313 114002
R 15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**AfriSake** teen onteiening

**Onderwysdissipline**-veldtog



# Ons bou 'n toekoms

Kallie Kriel is uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Die vandalisme en ontwrigtingswerk van 'n groep radikale studente op Suid-Afrikaanse universiteitskampusse die afgelope tyd, is 'n aanduiding dat daar steeds individue is wat hulle ideale wil bereik deur af te breek en te vernietig. Dit is immers makliker om af te breek as om te bou. 'n Toekoms wat uit vernietigingswerk gebore word, is egter 'n toekoms van agteruitgang en verval, wat geen blywende oplossing bied nie.

Dit is waarom AfriForum, en die Solidariteit Beweging waarvan die organisasie trots deel is, gekies het om eerder bouers te wees, wat onverpoosd aan 'n beter toekoms bou. Dit vereis harde werk en bied groot uitdagings, maar die resultaat is soveel beter, naamlik 'n toekoms waar Afrikaners en ander gemeenskappe blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.

Om 'n beter toekoms te bou, is sterk burgerlike instellings soos AfriForum 'n onontbeerlike gereedskapstuk in die hande van ons gemeenskap. Sonder sterk instellings is ons almal losstaande individue wat nie in staat sal wees om saam te bou aan die groter toekomsprojek nie.

**GEREELDE LESERS VAN HIERDIE TYDSKRIF SAL WEET DAT AFRIFORUM SE BOUWERK AAN 'N BETER TOEKOMS OOR TIENTALLE TERREINE STREK.**

In die eerste 10 jaar van AfriForum se bestaan, wat tans gevier word, het die organisasie homself juis doelgerig uitgebou om as instrument in 'n toekomsbouprojek te dien. Die publikasie wat oor AfriForum se ontstaan en groei die afgelope 10 jaar handel, wat as bylaag by hierdie uitgawe van die *Forum* gevoeg is, gee 'n uiteensetting van suksesse wat met genade van Bo, harde werk en deursettingsvermoë bereik is.

AfriForum se lede kan met reg trots wees op die organisasie, aangesien die burgerregte-waghond se sukses by uitstek die toedoen van sy lede se steun is. AfriForum se krag is dus direk in sy lede gesetel. Elke lid is 'n onontbeerlik baksteen in die bou van 'n sterk AfriForum met meer as 165 000 lede. In omstandighede waar groot maatskappye nie kans sien om swaarde met die regering te kruis of AfriForum se veldtogte teen die ANC-regering se wanbestuur te help finansier nie, is die duisende AfriForum-lede wat elk 'n bydrae tot AfriForum se veldtogte lewer, die sleutel tot sukses. Duisende bydraes het saam tot gevolg dat AfriForum die beste regspanne in hofsake kan gebruik, kundige personeel kan betrek en professionele en omvattende veldtogte op 'n wye verskeidenheid van terreine kan voer... en natuurlik groot suksesse kan behaal! Hoewel dit van kritieke belang is om AfriForum sterk te maak, moet die bou van 'n sterk AfriForum nie opsigself 'n doel word nie. Dit bly 'n middel tot 'n doel. Ons moet onthou dat ons AfriForum slegs om een rede uitbou, naamlik dat dit ons in staat stel om 'n beter toekoms te bou.

Gereelde lesers van hierdie tydskrif sal weet dat AfriForum se bouwerk aan 'n beter toekoms oor tientalle terreine strek. Op al hierdie terreine word 'n tweeledige toekomsboustrategie gevolg.

Aan die een kant werk AfriForum om die bestaande werklikhede waarbinne ons lede hulle bevind, te verbeter. Dit word gedoen deur regsaksies, die mobilisering van internasionale steun, vreedsame protesaksies en bedinging met die owerhede.

Aangesien ons 'n beter toekoms wil bou as die een waar ons vir altyd volledig uitgelewer sal wees aan die werklikhede wat die owerheid skep, fokus AfriForum ook daarop om 'n toekoms te bou deur selfstandigheidsaksies waarmee ons gemeenskappe self beheer oor hulle toekoms kan neem. AfriForum pak reeds talle selfdoenaksies met sukses aan. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die talle gemeenskapsveiligheidsinisiatiewe wat AfriForum reeds landswyd binne die raamwerk van die wet tot stand gebring het.

Toekomsbou is egter 'n grootse taak waarvoor sommige dalk nie kans sien nie. Gelukkig is dit deel van AfriForum-ondersteuners se DNS om toekomsbouers te wees. Uit ons geskiedenis is daar talle voorbeelde van waar gewone Afrikaners in moeilike omstandighede, buitengewone dinge kon regkry weens hulle vasberadenheid om 'n beter toekoms te bou.

Een van my gunstelingaanhalings wat hierdie vasberadenheid om 'n beter toekoms te bou, illustreer, is afkomstig uit 'n brief wat 'n onbekende vrou op 4 Augustus 1902 aan die einde van die Tweede Vryheidsoorlog geskryf het. Sy skryf: "*Daar is nou vrede in die land, maar nie soos ons verwag het nie. Die twee klein Republieke bestaan nie meer nie. Almal van ons, het ons wapens afgegee. Maar ons moenie treur soos een wat geen hoop het nie. Ons moet glo en hoop en vertrou. Ons besit op die oomblik vier perde, twee muile en 'n paar skape. Gister het ek 'n emmer koring gesaai. Sodra ek kan, sal ek nog saai en plant. As Pa van Ceylon af terugkom, sal ons spoedig weer 'n boerdery op die been kan bring.*"

Kom ons put inspirasie uit hierdie en ander voorbeelde van hoe ons voorgeslagte aan 'n toekoms gebou het. Ons kan dit wéér doen!